

Maandag

Mat.3:15; 4: 1 – 11; Mat.27: 39 – 44; Mat.16: 21 – 23. Teks Mat. 27: 42 c “Laat Hy nou van die kruis afkom en ons sal in Hom glo.” Tema: “Christus het Satan se mag en krag oor ons verbreek.” Daar is ’n groot verskil tussen die mag en krag van mense se sondige geaardheid en die mag en krag van die Duiwel! Jy het glad nie ’n duivel nodig om ’n sondige geaardheid te kan hê wat baie kragtig en effektief werk nie. Die mag van mense se sondige geaardheid is om te glo dat mense en God in ’n magstryd van groot en klein teenoor mekaar staan waar mense altyd so voel en dink: Wie is die Almagtige en wie is die onmagtige, God of ek? Wie is alles en wie is niks nie, God of ek? Wie het altyd totale beheer oor alles en wie moet altyd alles aan totale beheer oorgee, God of ek? Wie besluit altyd oor alles en wie moet maar altyd net gelate wees waarom besluit is, God of ek? Wie oorheers alles absoluut en wie is altyd absoluut ondergeskik, God of ek? Hierdie houding om altyd so te voel, te dink en te glo oor jouself en God, is dit wat die Woord van God noem – die mens se sondige geaardheid. Dit is die alombekende houding, ek sal maar niks sê nie, gelate en ondergeskik wees, sodat God Homself kan wees soos Hy God wil wees. Maar dit is terselfdertyd ook die houding dat ek gaan myself nou vir ’n slag wees soos ek is en myself laat geld, en God moet nou maar vir ’n slag opsy staan. Hierdie geaardheid van mense het nie die duivel nodig nie. Die duivel sal rustig in China besig wees en elke mens in Suid Afrika sal nog gevange wees in hierdie houding teenoor God: wie is groot en klein, en hoe klein is klein en hoe groot is groot? Dit is die skrikwekkende van die MENS se sondige aard teenoor GOD - nie die krag of mag van die duivel nie. Christus het gekom om ons kosbaar te maak deur God se liefde sodat Hy ons uit hierdie mag van ons sondige natuur bevry het. Maar Christus bevry ons ook van die mag en krag van die Duiwel, wat TOTAAL IETS ANDERS is. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Mat.3:15; 4: 1 – 11; Mat.27: 39 – 44; Mat.16: 21 – 23. Teks Mat. 27: 42c: “Laat Hy nou van die kruis afkom en ons sal in Hom glo.” Tema Christus het Satan se mag en krag oor ons verbreek. Die werklike mag van die Duiwel wys in Petrus se optrede teen Jesus Christus in Mat.16:22. Die Here openbaar hier vir die eerste keer aan sy dissipels dat Hy die Christus is wat vir sondaars se sondes veroordeel gaan word en uit die dood uit gaan opstaan om vir hulle in te tree. Petrus gaan die Here teë en verbied hom in die Naam van God om vir sondaars te sterf en uit die dood uit op te staan. Christus spreek Petrus onmiddellik aan as Satan. Dit is nie sommer maar net ’n manier om Petrus sleg te sê nie. Deur Christus in sy kruisiging en opstanding teë te gaan, is Petrus nou werklik ’n antichris, ’n verteenwoordiger van die mag van Satan. Die mag van die Duiwel is die geloof in ’n tipe Christus wat nie vir sondaars se sondes gekruisig word en uit die dood uit opstaan nie. Petrus hier, Johannes en Jakobus (in Matt 20) én die Fariseërs by die kruis verteenwoordig die mag van die Duiwel in Jesus se versoeking in die woestyn: “Kom van die kruis af en ons sal glo jy is ons Christus”. Na Jesus weer aankondig dat Hy die Christus is wat gekruisig gaan word en uit die dood opstaan, (Mat. 20: 17 – 19) reageer Johannes en sy broer

Jakobus en vra dat wanneer Jesus die koninkryk van God gaan oprig, hulle aan sy linkerhand en regterhand kan sit deur hulle ma! Toe Jesus hulle vra of hulle sy lydingsbeker kan drink, antwoord hulle selfversekerd: "Ja". Hulle sal soos Hy, so glo hulle, vir God se koninkryk veg en ly, en só sy opvolgers wees om oor God se koninkryk te regeer wanneer Jesus doodgaan. Só is hulle self nes Petrus, antichriste, teen die Christus wat uit die dood sal opstaan wie niemand kan verteenwoordig nie. Dit is die leuen van die Duiwel: om Christus en sy verlossing te vervals met die leuen van ander tipe christusse. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Mat.3:15; 4: 1 – 11; Mat.27: 39 – 44; Mat.16: 21 – 23. Teks: Mat. 27: 42c: "Laat Hy nou van die kruis afkom en ons sal in Hom glo." Tema: "Christus het Satan se mag en krag oor ons verbreek. Jesus maak Homself deur sy doop die Christus wat deur sy kruisiging sondaars vir God regverdig maak. (Mat.3:13-15 Direkte Afrikaanse Vertaling) Die Duiwel versoek Jesus in die woestyn in 'n poging om hom 'n valse Christus te maak en elke versoeking deur die Duiwel word woordeliks by Jesus se kruisiging deur die Fariseërs herhaal. Die EERSTE VERSOEKING om van klippe brood te maak, om sy eie nood te verlig met goddelike krag, beteken Jesus moet sorg vir sy eie en ander se welvaart. Dit is dieselfde versoeking by die kruis: "Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af." en "Ander het Hy verlos, maar homself kan hy nie verlos nie." (Mat. 27: 40 en 42) Jesus antwoord die Duiwel nie met 'n kwinkslag uit die Bybel nie, maar wys Hy is die Messias wat met sy kruis die ware lewe gee, nie 'n valse Christus wat welvaart gee nie. Die TWEEDE VERSOEKING om van die tempel af te spring, om te wys Hy is die Vader se geliefde Seun, is om die Christus te moet wees wat die Joodse geestelikheid in die tempel met goddelike magsvertoon moet sanksioneer as dit wat die Vader verheug. Hierdie is presies dieselfde versoeking by die kruis: "Hy het op God vertrou; laat God hom dan nou red as Hy dan 'n behae in Hom het. Hy het immers gesê hy is die Seun van God!" (Mat.27:43) Jesus verwerp met 'n verwysing na Deut. 6:16 die sanksionering van hul godsbedryf. Hy gaan die tempelbedryf met sy kruis beëindig - nie sanksioneer nie. (Mat. 21: 12,13: 27: 51) Die DERDE VERSOEKING (dat Jesus moet neerval in aanbidding voor Satan) gaan oor die gee van God se eer, dank en aanbidding aan 'n skepsel, ('n gevalle engel, Satan!) om as mens goddelike mag oor alle mense te verkry. Jesus bevestig dat Hy aan die kruis gaan bly, sodat gelowiges GOD weer as geregverdigdes kan liefhê. Gelowiges onderwerp nie die wêreld aan hul gewaande geestelike mag nie. Gelowiges speel nie magspeletjies nie, maar het God lief. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Mat.3:15; 4: 1 – 11; Mat.27: 39 – 44; Mat.16: 21 – 23. Teks Mat. 27: 42c: "Laat Hy nou van die kruis afkom en ons sal in Hom glo." Tema: "Christus het Satan se mag en krag oor ons verbreek. Deur Christus se kruisiging het Hy die MAG van Satan, (die leuen van 'n ander Messias) verbreek, sowel as die KRAG van Satan vernietig.

Die verskil tussen mag en krag is soos die verskil tussen die enjin van 'n kar en petrol vir die enjin. Die MAG van die Duiwel is valse christusse. Die KRAG van die Duiwel is die wet van God - nie magiese of goddelike kragte nie. Die enigste krag van die Duiwel – is God se wet, die Tien Gebooie, want deur die wet is Hy mense se aanklaer by God! Romeine 8: 31 – 39 wys hoe Christus Satan se mag oor gelowiges volledig vernietig het.

Romeinse 8 vers 31: Deur Christus se kruisiging en opstanding is God as Skepper vir ons, en kan Satan nooit weer deur ons sondes met die wet uit te wys, God en ons in vyandskap teenoor mekaar stel nie.

Vers 32: God die Vader het sy Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer aan die straf vir ons sonde, sodat Satan ons nooit weer deur die wet kan wys dat of God of ons onself aan die oordeel van die wet moet oorgee nie.

Vers 33: Jesus is die Christus wat met sy kruisiging ons vir God se liefde reg maak en reg laat wees. Daarom kan Satan ons nooit weer aankla oor ons liefde nie reg of goed genoeg vir God sou wees nie.

Vers 34: Jesus het gesterf en uit die dood opgestaan om vir ewig vir ons in te staan vir wie ons nie vir God volgens sy wet kan wees nie, sodat Satan ons nooit weer deur die wet kan oortuig dat ons vir ons self moet instaan nie.

Vers 35: Christus maak ons as sondaars onskeibaar deel van God se liefde, sodat geen engel of bose mag deur die wet kan wys dat ons sondes ons van God se liefde skei nie.

Rom.8:38: Só het Christus deur aan die kruis te bly, Satan se mag en krag oor gelowiges volkome vernietig. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za
Ds. Petrus.

Vrydag

Mat.3:15; 4: 1 – 11; Mat.27: 39 – 44; Mat.16: 21 – 23. Teks Mat. 27: 42c: “Laat Hy nou van die kruis afkom en ons sal in Hom glo.” Tema: Christus het Satan se mag en krag oor ons verbreek. Die Satan het geen mag of krag meer oor 'n gelowige nie. Dit is verbreek. So wat kan die Duiwel nog doen? Al wat hy nog op aarde kan doen is om in die Naam van Jesus Christus sy ou verlore mag en krag te probeer herwin. Dit doen hy deur predikers soos Petrus, Jakobus en Johannes vóór Christus se opstanding uit die dood en vandag nog in kerke te laat "opstaan" om 'n ánder Jesus as die gekruisigde Jesus te verkondig – sogenaamde geestelikes vir wie die Here sê: “Gaan weg agter my Satan!” Die boodskap van die Satan in die Naam van Jesus Christus in kerke klink vandag só: “Kyk wat het jý (met jóú sonde) met Jesus gedoen! Jý met jou sondeskuld het die Here aan die kruis gespyker! Hierdie seer wat jý Jesus aangedoen het moet jý regmaak deur jou self vir God te kruisig, te vervloek, jou eie-ek dood te maak.” Hierdie predikers op die kansel is nou Satan self net soos in Mat. 16: 23. Hulle "haal" Jesus van die kruis af sodat jy jouself aan die kruis vir God moet offer. Maar Christus het aan die kruis gebly, gesterf en uit die dood uit opgestaan om te doen wat ons NIE KAN DOEN NIE. Die dissipels voor Jesus se opstanding en die Jode wou egter die wêreld lei om hulleself aan God op te offer deur hul self aan God se mag oor te gee. Daarom was Jesus wat aan die kruis gaan

hang het vir hulle iemand wat hul geestelike mag en krag sou breek. Só leef mense vandag binne die hel self! Nie in grotte en donker skure met Satanistiese rituele nie, maar in 'n helder verligte kerkgebou met kruise en 'n verteenwoordiger van Satan wat jou leer Christus wys jou hoe jy jousélf vir God moet veroordeel, jou eie-ek moet kruisig en jouself vir God moet dood maak: "Kom van die kruis af sodat ons self kan doen wat jy doen, en ons sal in jou as ons voorbeeld glo!" Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus.